DUITS DEREDE TAAL HG P1 NOVEMBER 2006

VRAESTEL 1

Die antwoorde op hierdie vraestel het gewissel van uitstekend tot – in enkele gevalle - baie swak.
Goeie onderrig is duidelik, veral as kandidate swak is.

In Afdeling A kon dit duidelik gesien word, of the volgende aspekte van die werk genoeg aandag geniet het:

- Woordeskat
- Sinsbou
- Die lydende vorm
- Die aanvoegende wyse.

In Afdeling B het dit duidelik geword dat in sommige gevalle die vorm van die Duitse brief nie onderrig is nie en dat vele kandidate nooit die voorreg van korrespondensie met penmaats in Duits-sprekende lande gehad het nie.
Dit spreek boekdele as ‘n kandidaat wat jare lank Duits geleer het, verkies om nie ‘n Duits-sprekende land te besoek nie en liewers Parys of Londen besoek!
Dit is eweneens ‘n aanduiding van ‘n bepaalde benadering as die kandidaat nog steeds ‘n denkbeeldige naam aan die einde van sy of haar brief gebruik. Die beginsel van toepasbaarheid in die alledaagse lewe word geïgnoreer!
As in een bepaalde sentrum ‘n ieder en ‘n elk sy of haar brief soos volg begin: “Wie geht es dir?", dan is dit duidelik dat papegaaiwerk gedoen is.

Ofskoon die onderwerp “Das Wetter” reeds vroeg behandel en later uitgebrei word was daar eenvoudig te veel kandidate wt die hoofdele van die hoë frekwensiewerkwoord “scheinen” (scheinen, shien, geschienen) nie kon gebruik nie! Daar was selfs kandidate wat blykbaar steeds nie besef dat Duitse selfstandige naamwoorde met hoofletters geskryf moet word nie! Daar was ook kandidate wat in graad 12 nog steeds drukskrif skryf!
Voorts was daar steeds kandidate wat nie in staat was om tussen die volgende te onderskei nie:
“Bauernhof” en “Farm”
“Lieber Matthias” (maennlich!) en “Liebe Judith” (weiblich!)

Ten slotte was daar kandidate was onnodige spelfoute gemaak het as gevolg van swak uitspraak. Voorbeelde: “Kiiiche” in plaas van “Kueche”; “hehren” in plaas van “hoeren”.

VRAESTEL 2

Oor die algemeen is goeie resultate in hierdie leesbegripvraestel behaal. Dit is ‘n aanduiding dat meer aandag as in die verlede aan hierdie belangrike vaardigheid geskenk word.